



Western Cape  
Government

Wes Kaapse Onderwysdepartement

**Direktoraat: Kurrikulum  
VOO**

---

# WISKUNDIGE GELETTERDHEID

## HERSIENINGSBOEK 2026 KWARTAAL 1

### Graad 12

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die eerste kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

Die hersieningsprogram handel oor die volgende onderwerpe:

- DATAHANTERING Bl. 2 - 13
- METING Bl. 14 - 21

## Finansiële Dokumente

### VRAAG 1

Me Banks geniet dit om aanlyn inkopies te doen en het 'n uittreksel van haar staat vir Maartmaand van Mobicred, waar jy op krediet kan koop, ontvang.



Me S Banks	<b>KREDIET BESKIKBAAR</b>	R17 896,42
Joubertstraat 3	<b>KREDIETLIMIET</b>	R40 000
Tableview	<b>STAAT DATUM</b>	2025/03/31
7441	<b>TYDPERK VAN STAAT</b>	2025/03/01 – 2025/03/31
	<b>HUIDIGE BALANS</b>	R22 103,58
	<b>AGTERSTALLIGE BEDRAG</b>	R0,00
<b>FISIESE ADRES</b>	<b>TOTALE PAAIEMENT</b>	R1 789,45
Jan Smuts-rylaan		
Pinelands	<b>DEBIET-</b>	
Kaapstad	<b>AFTREKKINGSDATUM</b>	2025/03/31
7405		
	<b>REKENING NOMMER</b>	100380440

#### MY TRANSAKSIEBESONDERHEDE

DATUM	BESKRYWING	BEDRAG	BALANS
2025/03/10	Aankoop – Takealot	R1 207,00	R11 543,62
2025/03/17	Aankoop – Amazon	R11 999,00	R23 542,62
2025/03/20	Maandelikse fooi (debit)	R65,00	R23 607,62
2025/03/20	Rente	R285,41	R23 893,03
2025/03/25	Betaling – Dankie	-R1 789,45	R22 103,58
<b>Sluitingsaldo</b>			<b>R22 103,58</b>

[Aangepas uit mobicred] ]

Gebruik die inligting hier bo om die vrae wat volg te beantwoord.

- 1.1. Bereken die totale koste van die aankope wat me Banks gedurende Maart gedoen het. (2)
- 1.2. Om 'n goeie kredietgradering te handhaaf, moet jy nie meer as 60% van die beskikbare kredietlimiet gebruik nie.  
Bereken die persentasie wat me Banks reeds gebruik het. (3)
- 1.3. Die aankoop by Amazon was 'n Play Station 5 teen 'n afslagprys.  
Bereken die oorspronklike prys van die Play Station 5 as 12% afslag op die betaalde prys gegee is. (3)
- 1.4. Gee een moontlike rede waarom me Banks deur Mobicred sal koop eerder as om kontant te betaal vir die items wat gekoop is items purchased. (2)

## Persoonlike Inkomstebelasting

### VRAAG 1

Mnr. Itonga is 'n 33-jarige man wat 'n jaarlikse belasbare salaris van R227 600 verdien. Hy ontvang ook 'n belasbare prestasiebonus wat gelykstaande is aan een en 'n half keer sy maandelikse belasbare salaris.

Hy dra by tot 'n mediese fonds vir homself en het geen nie-belasbare aftrekkings nie.

Hy vind die onderstaande tabel om sy jaarlikse inkomstebelasting te bereken.

**TABEL 4: BELASTINGTABEL VIR DIE FINANSIËLE JAAR 2025/26**

BELAS- TING- KERF	BELASBARE INKOMSTE	BELASTINGKOERS (IN RANDE)
1	1 – 237 100	18% van belasbare inkomste
2	237 101 – 370 500	42 678 + 26% van belasbare inkomste bo 237 100
3	370 501 – 512 800	77 362 + 31% van belasbare inkomste bo 370 500
4	512 801 – 673 000	121 475 + 36% van belasbare inkomste bo 512 800
5	673 001 – 857 900	179 147 + 39% van belasbare inkomste bo 673 000
6	857 901 – 1 817 000	251 258 + 41% van belasbare inkomste bo 857 900
7	1 817 001 en hoër	644 489 + 45% van belasbare inkomste bo 1 817 000

BELASTING-KORTINGS	
Primêr	R17 235
Sekondêr (65 jaar en ouer)	R9 444
Tersiêr (75 jaar en ouer)	R3 145

MEDIËSE BELASTINGKREDIETE	
PER MAAND	2025/2026
Hooflid met geen bykomende afhanklikes nie	R364
Eerste afhanklike	R364
Vir elke addisionele afhanklike	R246

[Bron:sars.co.za]

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord..

- 1.1 Bereken mnr Itonga se prestasiebonus.. (3)
- 1.2 Bereken mnr Itonga se inkomstebelasting betaalbaar vir die 2025/2026 finansiële jaar. (8)

## VRAAG 2

'n 42-jarige werknemer wat 'n jaarlikse belasbare inkomste van R425 000 by Standard Bank verdien, oorweeg dit om van Suid-Afrika na Namibië te verhuis. Die tabelle hieronder toon die inkomstebelastingkoerse wat vir die 2024/25-belastingjaar in Suid-Afrika en Namibië gebruik is.

### SUID-AFRIKAANSE BELASTINGTABELLE

**TABEL 5: BELASTINGKOERSE VIR DIE 2024/25-belastingjaar**

Belasbare inkomste (R)	Belastingkoerse (R)
1 – 237 100	18% van belasbare inkomste
237 101 – 370 500	42 678 + 26% van belasbare inkomste bo 237 100
370 501 – 512 800	77 362 + 31% van belasbare inkomste bo 370 500
512 801 – 673 000	121 475 + 36% van belasbare inkomste bo 512 800
673 001 – 857 900	179 147 + 39% van belasbare inkomste bo 673 000
857 901 – 1 817 000	251 258 + 41% van belasbare inkomste bo 857 900
1 817 001 en hoër	644 489 + 45% van belasbare inkomste bo 1 817 000

#### Kortings:

Primêre korting	R17 235
Sekondêre korting (65 jaar en ouer)	R9 444
Tersiêre korting (75 jaar en ouer)	R3 145

[Bron: www.sars.gov.za]

### NAMIBIESE BELASTINGTABELLE

**TABEL 6: BELASTINGKOERSE VIR DIE 2024/25-belastingjaar in Namibië.**

Belasbare Inkomste (NAD)		Belasting op kolom 1 (NAD)	Belasting op Oorskot (%)
Meer as (Kolom 1)	Nie meer as...		
0	100 000	0	0
100 000	150 000	0	18
150 000	350 000	9 000	25
350 000	550 000	59 000	28
550 000	850 000	115 000	30
850 000	1 550 000	205 000	32
1 550 000		429 000	37

[Aangepas van: axsummaries.pwc.com]

**LET WEL:**\* Belasting op kolom 1 = Vaste bedrag

\* Belasting op Oorskot = Tel die persentasie van die bedrag hoër as kolom 1 by die vaste bedrag

\* **ZAR1 = NAD 1**

\*Geen belastingkorting word gegee nie

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg te beantwoord:

- 2.1 Skryf die naam van die regeringsinstelling wat verantwoordelik is vir die invordering van inkomstebelasting in Suid-Afrika neer. (2)
- 2.2 Bereken die inkomstebelasting betaalbaar vir die 2024/25 belastingjaar in Suid-Afrika. (5)
- 2.3 Die werknemer beweer dat as hulle na Namibië verhuis en dieselfde belasbare inkomste in NAD verdien, hulle 2 500 minder aan belasting sal betaal. Verifieer, deur alle berekeninge te toon, of hierdie stelling geldig is (7)

## Tariewe

### VRAAG 1

Tabel 2 hieronder toon die watertariewe vir Beaufort-Wes vir die 2024/25 finansiële jaar, met voorsiening vir verskillende vlakke van waterbeperkings.

**TABEL 2: WATERTARIEFTABEL VIR BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT**

Tarief	Verbruik (in kiloliter)	GEEN beperking	Fase 1 Beperking	Fase 2 Beperking	Fase 3 Beperking	Fase 4 Beperking
Tarief 1	0 – 6	18,08	18,08	18,08	18,08	18,08
Tarief 2	Meer as 6 – 10	---	---	20,77	20,77	20,77
Tarief 2	Meer as 6 – 15	20,77	20,77	---	---	---
Tarief 3	Meer as 15 – 25	23,68	31,14	---	---	---
Tarief 4	Meer as 10 – 15	---	---	31,14	41,53	41,53

LET WEL: 'n Basiese fooi van R205,59 is betaalbaar per maand per eiendom.

Alle pryse SLUIT 15% BTW UIT

[Aangepas van: [www.beaufortwestmun.co.za](http://www.beaufortwestmun.co.za)]

Gebruik die inligting in TABEL 2 hier bo om die vrae wat volg te beantwoord::

- 1.1 Bereken die basiese maandelikse fooi, BTW ingesluit. (2)
  
- 1.2 Die Snyders-gesin het 'n waterrekening ontvang wat R355,61 BTW **UITGESLEUIT** beloop het in 'n maand waar Fase 2-beperkings van toepassing was.  
  
Bereken die totale hoeveelheid kiloliters water wat hulle hierdie maand gebruik het (8)
  
- 1.3 Die munisipaliteit het probeer om kliënte te dwing om hul waterverbruik te verminder deur hierdie tariefstelsel te gebruik  
  
Verduidelik hoe dit met behulp van hierdie tariefstelsel gedoen word (2)

## VRAAG 2

Nomsa beplan om Los Angeles vir 'n opvoedkundige konferensie te besoek. Sy sal vanaf haar hotel met 'n Uber-taxi na die konferensielokaal reis.

Uber-taxi word volgens twee opsies bedryf, soos hieronder aangedui.

**Opsie 1: VOORAFtarief**

= basistarief (uitroepfooi) + (getal myl x per-myl-tarief).

**Opsie 2: NA-RIT-tarief**

= (getal minute x per-minuut-tarief) + (getal myl x per-myl-tarief)

TABEL 2 hieronder toon die verskillende Uber-taxi's en hul onderskeie tariewe in Los Angeles vir beide die VOORAF- en NA-RIT-tariefopsies, insluitend 'n voorbeeld van 'n 10 myl-rit wat die VOORAF-tariefopsies gebruik.

**TABEL 2: TARIEWE VIR UBER-TAXIS IN LOS ANGELES VIR VOORAF- EN NA-RIT-TARIEFOPSIES**

KOSTE	UberX	UberBLACK	UberLUX
Basistarief (uitroepfooi)	\$0,00	\$ 8,00	\$20,00
Per-minuut-tarief	\$0,15	\$ 0,45	\$ 0,60
Per-myl-tarief	\$0,90	\$ 3,55	\$ 5,00
*Minimum tarief	\$4,65	\$15,00	\$30,00
Kansellasiefooi	\$5,00	\$10,00	\$10,00
<b>Totale tarief (vir 'n 10 myl-rit met gebruik van die VOORAF-opsie)</b>	<b>\$9,00</b>	<b>\$43,50</b>	<b>B</b>

[Aangepas uit [www.uber.com](http://www.uber.com), Maart 2016]

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord

2.1 Bereken die ontbrekende waarde **B**. (3)

2.2 Bereken (tot die naaste myl afgerond) die maksimum afstand waarvoor 'n mens die UberX-taxi kan gebruik indien jy die minimum vooraftarief betaal. (4)

2.3 Nomsa het 'n afstand van 29,73 myl met UberBLACK gereis. Die na-rit-tariefopsie is gebruik en die rit het 1 uur en 9 minute geneem om te voltooi.

Nomsa het beweer dat sy meer as \$20,00 sou gespaar het indien sy die vooraftariefopsie gebruik het.

Toon, met berekeninge, of haar bewering korrek is (8)

## Inkomste, Uitgawes ens

### VRAAG 1

PeacePlayers, 'n NRO, gebruik die krag van sport om 'n getransformeerde, verenigde en billike Suid-Afrika te bou.

Die vergelykende finansiële staat van PeacePlayers Suid-Afrika vir 2020 en 2021 word op BYLAE A in die ANTWOORDBOEK getoon

Gebruik die inligting hier bo sowel as BYLAE A in die ANTWOORDBOEK om die vrae wat volg te beantwoord:

- 1.1 Identifiseer die item in ander uitgawes wat die grootste toename van 2020 tot 2021 getoon het. (2)
- 1.2 Die toelaaginkomste wat van Sport4Change & CATHSSETA ontvang is, is in 'n 4:1 verhouding ontvang.  
Bereken die ontbrekende waardes vir die toelaaginkomste bedrae. (5)
- 1.3 Bereken die ontbrekende waarde vir die surplus/tekort in 2020. (3)
- 1.4 'n Werknemer beweer dat die administratiewe uitgawes as 'n persentasie van die totale inkomste met meer as 2,75% oor die tydperk gestyg het.  
Verifieer, deur alle berekeninge te toon, of die bewering geldig is (5)

**PEACEPLAYERS INTERNASIONAAL – SUID-AFRIKA**

Jaarlikse finansiële state in RAND vir die jaar geëindig 30 Junie 2021 in vergelyking met 2020.

<b>INKOMSTE:</b>	<b>2021</b>	<b>2020</b>
DONASIES ONTVANG	2 658 097	2 116 955
TOELAAGINKOMSTE: LAUREUS	151 886	200 590
TOELAAGINKOMSTE: SPORT4CHANGE	<b>2.2.2</b>	10 000
TOELAAGINKOMSTE: CATHSSETA	<b>2.2.2</b>	--
ANDER INKOMSTE	15 036	212 336
	<b>3 075 019</b>	<b>2 539 881</b>
<b>ADMINISTRATIEWE UITGAWES:</b>		
TOTAAL:	<b>(242 346)</b>	<b>(134 075)</b>
<b>ANDER UITGAWES:</b>		
SALARISSE	(1 338 465)	(689 130)
FASILITEITSHUUR	(45 994)	(73 337)
KANTOORUITGAWES	(26 928)	(36 011)
SPORTGEBEURTENISSE	(14 152)	(129 627)
DEELNEMER-UNIFORMS	(19 719)	(101 839)
ANDER	(1 126 090)	(1 364 921)
	<b>(2 571 348)</b>	<b>...</b>
<b>SURPLUS/(TEKORT) VIR DIE JAAR</b>	<b>261 325</b>	<b>2.2.3</b>

## VRAAG 2

2.1 Riverside Sekondêr wou koffie en tee by hul ouervergaderings verkoop.

BYLAE C toon die bestanddele wat benodig word, asook 'n voorlopige uiteensetting van die koste om 'n koppie tee of koffie te maak.

Gebruik die inligting in BYLAE C om die volgende vrae te beantwoord

2.1.1 Bereken die verkoopprijs van Jacobs-koffie, BTW ingesluit.. (3)

2.1.2 Bereken die koste van die melk wat nodig is vir 1 koppie koffie.. (5)

2.2 BYLAE D toon die grafieke van die vergelyking tussen die inkomste en uitgawes van tee- en koffieverkope.

Hulle betaal 'n eenmalige fooi van R100 vir die gebruik van die kombuis vir elke drankie.

Kosprys van EEN koppie tee = R2,76

Kosprys van EEN koppie koffie = R3,70

Verkoopprijs van EEN koppie tee = R6,50

Verkoopprijs van EEN koppie koffie = R8,50

[Bron:www.makro.co.za]

Gebruik die inligting hier bo saam met BYLAE D om die vrae wat volg te beantwoord.

2.2.1 Skat die koste sowel as die aantal koppies tee om by die gelykbreekpunt te verkoop.

**Voorbeeld: 55 koppies; R350** (2)



2.2.2 Wys deur middel van berekeninge hoe die R285,00, die uitgawes vir koffie vir 50 koppies, bepaal is. (3)



2.2.3 Daar word gesê dat die verskil in wins tussen die verkoop van 30 koppies koffie teenoor 30 koppies tee R31,80 is.

Wys deur middel van berekeninge of dit korrek is. (7)

**BYLAE C:**

**VRAAG 2.1 – BESTANDELE OM KOFFIE EN TEE TE MAAK**

<b>ROOIBOS TEE</b>	<b>KOFFIE</b>
	
R59,25 vir 80 × teesakkies	BTW (15%) betaal op 200 g Jacobs = R24,38


<b>LANG LEWE MELK</b>	<b>SUIKER</b>
	
R97,95 vir 6 × 1 liter	R45,95 vir 1 × 2 kg

[Bron:www.makro.co.za]

<b>BESTANDELE VIR 1 KOPPIE TEE</b>	
1 × teesakkie	R0,74
Gemiddeld van 2 teelepels suiker	R0,23
75 ml melk	...
Bykomende koste	Moet bevestig word
<b>TOTAAL</b>	

<b>BESTANDELE VIR 1 KOPPIE KOFFIE</b>	
1,5 × teelepel koffie	R1,68
Gemiddeld van 2 teelepels suiker	R0,23
75 ml melk	...
Bykomende koste	Moet bevestig word
<b>TOTAAL</b>	

### Inkomste en Uitgawe uit die verkoop van Tee teenoor Koffie



Data tabel	0 koppies	10 koppies	20 koppies	30 koppies	40 koppies	50 koppies
Uitgawes-Tee	R100,00	R127,60	R155,20	R182,80	R210,40	R238,00
Inkomste-tee	R0,00	R65,00	R130,00	R195,00	R260,00	R325,00
Uitgawes-Koffie	R100,00	R137,00	R174,00	R211,00	R248,00	R285,00
Inkomste-koffie	R0,00	R85,00	R170,00	R255,00	R340,00	R425,00


### VRAAG 3

Pro-Print verhuur fotostaatmasjiene en bied drie verskillende kontrakopsies aan. Die drie kontrakopsies word op die grafiek op die ANTWOORDBLAD getoon.

Gebruik die inligting op die ANTWOORDBLAD om die vrae wat volg, te beantwoord

- 3.1 Skryf die getal bladsye neer by die punt waar Kontrak 2 en Kontrak 3 dieselfde kos.. (2)
- 3.2 Academy Skool maak 1 500 kopieë per maand.  
Bepaal watter kontrak die goedkoopste opsie sal wees (2)
- 3.3 Gebruik die grafiek op die ANTWOORDBLAD om 'n formule om die totale koste (in rand) vir Kontrak 2 te bepaal. (5)
- 3.4 Copy King vra 'n tarief van R0,70 per kopie vir die huur van hulle fotostaatmasjiene met geen ander koste nie.  
Teken nog 'n lyngrafiek om die koste wat Copy King vra, te toon op dieselfde rooster op die ANTWOORDBLAD. (3)

**Maandelikse fotostaatkoste vir verskillende kontrakte**




# Datahantering

## VRAAG 1

1.1 Toerisme is 'n belangrike sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Die grafiek hier onder toon die persentasie aankomste van die 1 568 259 toeriste van die tien mees gewilde oorsese lande in 2024 na Suid-Afrika.



[Aangepas van statssa.gov.za]

Gebruik die inligting hier bo om die vrae wat volg te beantwoord:

- 1.1.1 Identifiseer die land met die derde hoogste aantal besoekers aan Suid-Afrika. (2)
- 1.1.2 Bereken die persentasie besoekers van Italië en Brasilië, indien die persentasie vir beide lande dieselfde is. (3)
- 1.1.3 Bereken, in persentasie, die omvang van besoekers uit die top tien lande. (3)

1.2

TABEL 3 hieronder toon geselekteerde inligting vir internasionale aankomste en vertrekke by lughawens in Suid-Afrika vir die eerste ses maande van 2024.

**TABEL 3: AANKOMSTE EN VERTREK VIR DIE EERSTE SES MAANDE VAN 2024 BY SEKERE SUID-AFRIKAANSE LUGHAWENS.**

Maand van die jaar:		Kaapstad	King Shaka	OR Tambo	Ander lughawens
Januarie	Aankomste:	114 885	3 357	138 597	481
	Vertrekke:	119 425	4 891	163 088	220
Februarie	Aankomste:	118 851	3 504	148 096	402
	Vertrekke:	122 978	4 052	153 940	271
Maart	Aankomste:	115 408	4 053	163 387	437
	Vertrekke:	127 437	4 306	175 226	323
April	Aankomste:	72 493	3 688	158 917	557
	Vertrekke:	87 228	4 306	175 226	323
Mei	Aankomste:	58 028	3 587	154 759	404
	Vertrekke:	69 640	3 945	170 685	337
Junie	Aankomste:	50 025	4 086	148 703	722
	Vertrekke:	49 290	3 899	158 935	599

[Aangepas van statssa.gov.za]

Gebruik die inligting hier bo om die vrae wat volg te beantwoord:

- 1.2.1 Skryf die name van die lughawens, in stygende volgorde, gebaseer op die aantal aankomste vir hierdie tydperk neer. (2)
- 1.2.2 Bepaal die mediaan aantal vertrekke vanaf King Shaka-lughawe.. (3)
- 1.2.3 Skryf die waarskynlikheid, as 'n persentasie, om 'n maand met minder as 155 000 aankomste by OR Tambo te kies neer. . (3)

1.3

Die grafiek op die ANTWOORDBLAD in die ANTWOORDBOEK toon inligting oor die belangrikste plekke van belang wat deur internasionale toeriste van Januarie tot April 2024 besoek is, asook sommige van die besoektye daar.

Sekere waardes van die besoektye is weggelaat.

[Aangepas van: wesgro.co.za]

Gebruik die inligting hier bo en die ANTWOORDBLAD in die ANTWOORDBOEK om die vrae wat volg te beantwoord:

1.3.1 Identifiseer die plek van belang met die langste gemiddelde besoektyd. (2)

1.3.2 Bereken die gemiddelde persentasie toeriste wat die plek van belang besoek het. (3)

1.3.3 'n Toerisme-ontleider het beweer dat die interkwartielvariasiewydte vir die persentasie toeriste 11,1% is.


Verifieer, deur alle berekeninge te toon, of hierdie stelling geldig is. (4)

1.3.4 Die weggelate waardes vir die gemiddelde besoektyd van drie plekke van belang word hier onder verskaf:

Inkopies en Markte	Natuurlike besienswaardighede	Eet
2,7	2,8	3,1

Gebruik hierdie inligting om die grafiek op ANTWOORDBLAD 1 te voltooi (4)

**Top punte van belang besoek deur internasioanle toeriste vanaf Jan-April 2024, insluitend die gemiddelde besoektyd in uur.**



## VRAAG 2

- 2.1 BYLAE A toon die uitvoerlande van koringprodukte vanaf 2020/2021 tot 2023/2024 sowel as 'n vergelykende houer-en-punt-grafiek van sommige van die statistieke.

Gebruik BYLAE A om die vrae wat volg te beantwoord

- 2.1.1 Noem of die data in TABEL 4 diskreet of kontinu is. (2)

- 2.1.2 Bepaal die waarskynlikheid, as 'n gewone breuk, om willekeurig 'n land wat meer as 20 000 000 metrieke ton koringprodukte in 2023/2024 uitvoer het te kies. (2)

- 2.1.3 Bereken die persentasie verhoging vir die uitvoer van koringprodukte vir Rusland vanaf 2020/2021 tot 2023/2024. Rond jou antwoord af tot die naaste persentasie.

Jy kan die formule gebruik:

$$\text{Persentasie toename} = \frac{\text{Uitvoer (2023/2024)} - \text{Uitvoer (2020/2021)}}{\text{Uitvoer (2020/2021)}} \times 100\% \quad (4)$$

- 2.1.4 Die gemiddelde van die 2020/2021-uitvoere van die aangeduide lande is 18 517. Die waarde vir Australië is weggelaat.

Bereken die waarde van Australië deur alle berekeninge te wys.

Jy kan die volgende formule gebruik:

$$\text{Gemiddeld} = \frac{\text{Som van al die waardes}}{\text{Aantal waardes}} \quad (4)$$

- 2.1.5 'n Data-analiseerder wou die uitvoer van koringprodukte vir die jaar 2022-2024 meer visueel vergelyk deur 'n houer-en-punt-grafiek te gebruik.

Bestudeer die houer-en-punt-grafiek op BYLAE A om die vrae wat volg te beantwoord

- a) Skryf die waarde van **A** neer wat op die houer-en-punt-grafiek aangedui word. (2)

- b) Bereken die interkwartielomvang (IKO) vir die jaar 2022/2023  
Die volgende formule kan gebruik:  $\text{IKO} = \mathbf{K3} - \mathbf{K1}$  (3)

- c) Identifiseer die tydperk waarin die 2de kwartiel die laagste was (2)

- d) In 'n onlangse verslag is gesê dat die uitvoer van koringprodukte in 2023/2024 meer suksesvol was in vergelyking met 2021/2022.


Verduidelik of die bevindinge van die verslag geldig is, deur te verwys na kwartiele en maksimum waardes. (3)

**TABEL VAN DIE UITVOER VAN KORINGPRODUKTE VIR VIER TYDPERKE & HOUER-EN-PUNT-GRAFIEK VAN DRIE VAN DAARDIE TYDPERKE.**

**TABEL 4: UITVOER VAN KORINGPRODUKTE**

LAND	2020/2021	2021/2022	2022/2023	2023/2024
	(massa in 1000 metrieke ton)			
Rusland	39 100	33 000	47 500	51 000
Europese Unie	29 736	31 915	35 079	36 500
Kanada	27 722	14 990	25 309	24 000
Australië	...	25 958	32 329	22 000
Verenigde State	26 636	21 501	20 262	20 000
Oekraïne	16 851	18 844	17 122	12 500
Kasakstan	8 128	8 455	9 862	10 000
Argentinië	9 597	17 651	4 681	9 500
Turkye	6 771	6 646	6 953	8 500
Brasilië	911	3 105	2 689	2 500

**Uitvoer van Koringprodukte**



[Aangepas vanaf <https://www.statista.com>]

2.2

Volgraan verskaf vesel, vitamieene, minerale en ander voedingstowwe.

ANTWOORDBLAD 1 toon die groeikaart – statuur-vir-ouderdom & gewig-vir-ouderdom vir seuns van 2-20 jaar.

LET WEL:

Statuur vir ouderdom – Die lengte van die seun volgens sy ouderdom.

- Gewig vir ouderdom – Die gewig van die seun volgens sy ouderdom.

Gebruik ANTWOORDBLAD 1 om die vrae wat volg te beantwoord:

2.2.1 Skryf neer op watter persentiel 'n 18-jarige seun met 'n gewig van 85 kg sal wees. (2)

2.2.2 'n 17-jarige seun het 'n statuur van 75 duim en weeg 60 kg.

a) Gebruik ANTWOORDBLAD 1 om sy gewig sowel as sy statuur te plot. (2)

b) Sonder om die seun se LMI te bereken, beskryf sy liggaam deur te verwys na die persentiele waarin hy gekategoriseer is. (3)

ANTWOORDBLAD 1:

VRAAG 3.2: NAAM VAN LEERDER: \_\_\_\_\_ GR 12 ( )

GROEIKAART – STATUUR-VIR-OUDERDOM EN GEWIG-VR-OUDERDOM (SEUNS 2-20 JAAR)

2 - 20 jaar: Seuns

Statuur-vir-ouderdom en Gewig-vir-ouderdom persentiele

